




Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 19 Oktober 1949 Prys 3d. No. 48

Oorlog Tevergeefs Sê Brit: Het Boere Nie Beskaaf

Die destydse pro-Boere-koerant in Engeland, Manchester Guardian, het die vyftigjarige herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog in herinnering gebring by wyse van 'n artikel uit die pen van ene A. J. P. Taylor, geskiedkundige van die Universiteit Oxford, wat as volg oor die gebeure skryf nadat hy erken dat geen oorlog ooit deur die beskaafde wêreld meer eenpariglik veroordeel is nie:

„Maar dit sal nie die latere geskiedkundige pas om hierteen te reageer deur die Boere te idealiseer soos die pro-Boere dit indertyd gedoen het nie. Hoewel die Boere geveg het om hul onafhanklikheid te behou, was hulle selfs meer bekommerd oor ander en minder bewonderingswaardige dinge — hul beleid van rasse-uitsluiting, hul aandeel in die goud-wins en hul tirannie oor die natu- relle.

„Na vyftig jaar is dit duidelik dat die oorwinning na die slegste elemente aan albei kant gegaan het. Milner het sy oorlog gekry sonder om sy doel te

bereik; die Boere het hul onafhanklikheid verloor sonder om vir vooruitgang en beskawing gewen te word; eerlang sal die Britse onderdaan in Suid-Afrika weereens 'n uitlander wees soos hy voor die Suid-Afrikaanse oorlog was.

„Indien Milner die gevolge van die oorwinning kon sien, of Campbell Bannerman die gevolge van Boere-selfbestuur, sou hulle rede hê om trots te wees op hul handewerk?”

Hy sluit dan af deur te sê dat die pro-Boere in Engeland verkeerd was omtrent die Boere, maar reg omtrent die oorlog. (Sien ons hoofartikel).

ONTVANGS VIR K.G. EN GADE

Die Brandwagte van Bloemfontein het die K.G., dr. Hans van Rensburg, en mev. Van Rensburg uitgenooi om op 7 November e.k., mev. Van Rensburg se verjaardag, die gaste van die generaalskap van Bloemfontein te wees. Daar is besluit om hulle die aand om 6-uur op 'n gesellige braaivleis in die ruim tuingrond van komdte. A. Bonthuys se woning in Victoriaweg 97, Bloemfontein, te onthaal.

Alle offisiere, brandwagte en O.B.-vriende word hartlik uitgenooi om die funksie by te woon.

Unie Betaal In Dollars — Sowjet In Veto's

Daar is 'n skertsende Engelse gesegde dat hoe meer jy 'n vrou, 'n hond en okkerneutboom slaan, hoe beter is hulle. By hierdie drie kan blykbaar ook gevoeg word die naam van Suid-Afrika. Selfs Sowjet-Rusland met sy twintigmiljoen slawe en 'n tirannie waarteenoor die woord diktatuur alle betekenis verloor, het nie soveel kritiek op en inmenging in sy binnelandse aangeleenthede te verduur gehad as wat Suid-Afrika binne die V.V.O. ondervind het nie. Maar van die 59 lande wat lid van die V.V.O. is, is Suid-Afrika een van die agtien wat sy ledegeld vir die lopende jaar reeds ten volle betaal het. Die nie onaansienlike bedrag van £166,470 is in dollars betaal — waaraan die Unie so 'n tekort het. Brittanje en Pakistan is die enigste van die ander Empire-lande wat betaal het. Rusland skuld nog ongeveer 'n miljoen pond — tensy, natuurlik, die Kremlin meen dat hy dit in „veto's” klaar betaal het.

MAGTIGE DADE

„Een van die eerste dinge wat die Verenigde Party sal doen wanneer hy weer aan bewind kom, is om 10 Oktober tot 'n vakansiedag te verklaar,” het genl. Smuts verlede week in Kaapstad by sy aankoms uit Pretoria gesê.

Dit is merkwaardig hoe daadkragtig 'n opposisie-party kan wees solank hy „in die woestyn” is. Genl. Smuts se party was byna tien jaar lank aan bewind, maar aan 10 Oktober is daar nooit gedink nie, ondanks die feit dat sy opposisie hom knaend daaraan herinner het. En nou dat hierdie voormalige opposisie reeds twee 10 Oktobers aan bewind was, het die volk ook nog nie meer as net 'n belofte ten opsigte van 10 Oktober nie.

RUSLAND KRY NUWE SATELLIET

Dr. Adenauer, kanselier van die Wes-Duitse republiek het die nuwe Oos-Duitse republiek beskryf as suiwer 'n satelliet vir Rusland net soos Roemenië, Bulgarye, Pole en Tsjeggo-Slowakye.

In hierdie verband sal lesers onthou dat dit Amerika, Engeland en Frankryk was wat teen die einde van die oorlog vrye teuels aan Rusland gegee het om nie alleen eerste Berlyn te beset nie, maar ook om sy oostelike grense vorentoe te skuif tot by die Elbe. 'n Nuwe satelliet vir die Sowjet is een van die wrange vrugte van hierdie kortsigtige beleid.

25-JARIGE WORSTELING VAN PARLEMENT MET ELF VAKANSIEDAE

As die regering nou sy belofte aanstaande jaar gaan nakom om 'n herindeling van vakansiedae te laat plaasvind, sal dit die bekroning van 'n vyf-en-twintig-jarige partypolitieke prestasie wees. Vir 'n kwart eeu lank word daar naamlik deur die een party na die ander geworstel om hierdie saksie in orde te bring, en twee kommissies van ondersoek het in die tyd tevergeefs gesweet om die nodige aanbevelings te doen. Die derde staan nou benoem te word, volgens aankondiging deur min. T. E. Dönges.

Die Cape Times het reeds verklaar dat hierdie kommissie sy litte sal moet roer as hy sy aanbevelings betyds vir wetgewing aanstaande jaar wil inlewer.

Om hierdie vertraging te voorkom, wil ons aanbeveel dat die kommissie van ondersoek vooraf vasstel watter persentasie van die bevolking in staat is om die name van die elf openbare vakansiedae op te noem. Die onkunde op hierdie gebied sal die kommissie en die regering miskien oortuig van die oorbodigheid van 'n kommissie van ondersoek. Maar parlementêre slakkegang sal natuurlik nooit die gulde geleentheid verby laat gaan om hom „langsam te haas” vir die voltooiing van so 'n „lewensbelangrike” taak as die herindeling van vakansiedae nie.

1925

Die eerste kommissie van ondersoek het die lig gesien in 1925 toe vyf parlamentslede hulle onledig gehou het met die ondervraging van predikante,

ontwerp net daar en dan nek omgedraai is weens gebrek aan tyd.

In 1936, tien jaar later, is 'n tweede kommissie van ondersoek aangestel om hierdie gewichtige saak vir die wetgewers van die land te peil. Hierdie keer het hulle geen getuienis geneem nie, maar onder mekaar gedebatteer oor die name en datums vir die vakansiedae. Die aanbevelings, wat heeltemal verskillend was van die vorige, is uiteindelik ter tafel gelê en op staatskoste laat druk sonder dat die parlement enige notisie verder daarvan geneem het.

1940

Sedert 1940 is die saak weer na vore gebring deur individuele parlamentslede wat blykbaar gemeen het dat daar ruimte op die biblioteekrakke is vir meer kommissie-verslae. En toe die Nasionale regering in 1948 aan bewind gekom het, het dr. Piet van Nierop die versoek om 'n kommissie herhaal. Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, het belowe om so 'n kommissie „so gou doenlik” te benoem. Aan die begin van hierdie jaar is hy herinner aan sy belofte en die Minister

het geantwoord dat die kommissie „so spoedig moontlik” sy gewichtige verskyning sal maak. In die afgelope weke het min. Dönges die belofte van 'n kommissie herhaal en die Eerste Minister het 'n plegtige onderneming ten opsigte van 10 Oktober gegee.

Die volk het dus alle hoop dat hy minstens nou sy derde kommissie van ondersoek sal kry.

Nuwe Beweging Aan Opkom Teen Partye

In die Oostenrykse algemene verkiesing het die nasionalistiese „Bond van Onafhanklikes” met hul eerste deelname aan 'n verkiesing, 16 setels uit 'n totaal van 165 verower. Die Bond het al sy kragte in die stryd gewerp ter ondersteuning van oud-Nazi's. Die Bond se opkoms was uitsluitlik ten koste van die twee koalisie-partye, die Volksparty en Sosialistiese Party.

Die Kommuniste het 5 setels gewen vergeleke met 4 in die vorige verkiesing.

KAN HOEWE KRY AS HY BEDANK UIT DIE O.B.

Lewe ons nog in die jare 1940-1942? Te oordeel na die lotgevalle van 'n voormalige politieke gevangene, skyn dit wel die geval te wees.

Hierdie man, van onbesproke karakter, het onder die Smuts-bewind in die tronk beland weens sy ywer teen die Empire-oorlog. Hy is tans genoodsaak om vir sy vrou en gesin langs nuwe weë brood te win. Hy wil boer en het die Minister van Lande persoonlik gespreek oor die toekenning van 'n besproeiingshoeve staatsgrond (amptelik beter bekend as „Kroongrond”) onderkant die Loskopdam. Die Min. het geen beswaar gehad nie—die applikant het oop kaart gespeel met die vonnis wat hy uitgedien het—en het verklaar dat alles in orde sal wees, maar alleenlik op voorwaarde dat hy eers uit die Ossewabrandwag bedank—iets wat hy nie bereid was om te doen nie.

Teruggekeerde soldate, ja, Engelssprekendes, ja, maar 'n mede-Afrikaner wat alles in die oorlogsjare op die altaar gelê het, ten enemale nee, solank hy lid van die O.B. is. En dit is terloops nie mnr. J. G. Strydom se grond nie, maar dié van die staat.

Generaal Ernstig Siek

Mnr. M. F. Smith, generaal van die Ossewabrandwag in Robertson, is uiters ernstig siek in die Volkshospitaal, Kaapstad, waar hy 'n operasie ondergaan het.

Genl. Smuts Uit Leër Ontslaan

Die Minister van Verdediging het genl. Smuts verlede week skriftelik in kennis gestel dat hy onthef is as opperbevelhebber van die Suid-Afrikaanse strydmagte in die veld. Hy word nou op die lys van afgetrede offisiere geplaas met behoud van die reg om sy uniform te dra. Genl. Smuts, wat in 1941 die rang van veldmaarskalk in die Britse leër as verjaardagsgeskenk van die koning ontvang het, sal hierdie rang behou.

WIL STERFHUIS VAN PRESIDENT KOOP

Die F.A.K. het verlede week begin met 'n veldtog om fondse vir die aankoop van die sterfhuis van wyle pres. Paul Kruger in Switserland. 'n Bedrag van £10,000 word benodig wat ingevorder moet wees voor die inwyding van die Voortrekkermonument.

'n Beroep op die publiek om tot hierdie fonds by te dra is ook deur die Eerste Minister, dr. Malan, by geleentheid van Krugerdagviering in Johannesburg gedoen. Bydraes kan gestuur word aan Posbus 8711, Johannesburg.

VASGEBRAND

'n Wetsontwerp om uitvoering te gee aan die aanbeveling is ingedien en het skipbreuk geloop op die vraag of Unie-dag die eerste Maandag in Junie dan wel die laaste Maandag in Mei moet wees. Die bespreking is so lank gerek oor hierdie Salomo's raaisel dat die wets-

Alle Soorte Helde Moet Op 10 Okt. Gehuldig Word Sê Genl. Smuts

Die gevaar waarheen die verkeerde benaming „Heldedag” vir 10 Oktober lei, word duidelik beklemtoon deur die uitlating van genl. Smuts verlede week in Kaapstad toe hy belowe het om hierdie dag tot openbare vakansiedag te verklaar sodra hy weer aan bewind kom. Genl. Smuts het gesê: „Een van die eerste dinge wat die Verenigde Party sal doen as hy weer aan bewind kom, is om 10 Oktober tot 'n openbare vakansiedag te verklaar ter ere van die baie helde — ongeag hul ras — wat Suid-Afrika gedien het.”

In die verlede het Die O.B. daarop gewys dat deur 10 Oktober „Heldedag” te noem, die opening gelaat word om allerlei soorte helde op die dag te huldig. Daar sal van Empirekant begin word om 'n Rhodes en Jameson te huldig op die geboortedag van president Kruger, wat 'n bespotting sal wees van daardie groot Afrikaner. Die proses sal voortgaan totdat daar uiteindelik krieket- en gholf-helde gehuldig sal word op die dag wanneer die volk sy vryheidshelde wil gedenk.

KORTSIGTIG

Juis om hierdie moeilikhede

TE KOOP

Velskoene!



Almal met riem genaaf. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding 19/6. Bruin of wit bo-leer met motorband-sole sonder hakke 18/6. Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN

SENDING-WINKEL

Goedverwacht, oor Moravia, K.P.

te ondervang het die F.A.K. twee jaar gelede 'n beroep op die pers en kultuurliggame gedoen om 10 Oktober as Krugerdag te herdenk, want alleen so sal die karakter van die dag as 'n herdenking van daardie helde wat vir 'n bepaalde idee in ons volkstryd gestaan het, bewaar bly. Dat 'n groot deel van die

Amptenaar Sê Partypolitiek 'n Gevaar

Die gevaar van die partypolitiek vir die oplossing van die natuurleevraagstuk is verlede week deur die aftredende Sekretaris van Naturellesake, dr. W. G. Mears, beklemtoon by geleentheid van die opening van die hoofraad van die Ciskei.

„Naturellesake sal nog jare lank die middelpunt van die partypolitieke stryd wees”, het hy gesê, „en agterdog oor die goeie trou van die blankes sal ten gevolge daarvan toeneem en die posisie van die hoof van die departement onbenydenswaardig maak. Een van die gevolge hiervan is dat amptenare van die departement ook deur die natuurle verdink word sodat ondernemings wat tot voordeel van die natuurle strek nie deur laasgenoemdes waardeur word nie.”

Afrikaanse pers geen gehoor gegee het aan hierdie oproep van 'n gesaghebbende en verteenwoordigende Afrikaanse liggaam nie, sal uiteindelik as 'n baie kortsigtige daad van koppigheid deur die verloop van die geskiedenis aangeteken word.

Dit is daarom te hope dat wanneer die regering einde en ten laaste besluit om hierdie dag amptelik te erken, daar ook die regte naam aan gegee sal word.

PRETORIA HOU FONDS DAG

Onlangs het die Pretoria-Kommando 'n geslaagde funksie op Klipkoppies gehou. Die onverwagte verskynning van die K.G. en mev. Van Rensburg was 'n baie groot verrassing, en die Boeredogters het gewedywer wie die eerste vir hulle ruikertjies kon aanbied.

Aan Boerewors, koffie, koeldranke, koek en poeding het dit nie ontbreek nie, en daar het 'n baie gesellige atmosfeer geheers.

As sprekers het opgetree gebiedsleier prof. H. M. van der Westhuysen, die K.G. en ook dr. Eric Holm. Die K.G. sowel as prof. Van der Westhuysen se redes was besielend, en die kerngedagte was dat die Geskiedenis oor en oor bewys het dat die oorwinnaars enkelinge was.

Die bekende stem wat ons altyd gedurende die oorlogsjare van uit Zeesen gehoor het,

Nadat genl. Smuts in Kaapstad aangekondig het dat hy hom gaan beywer vir die verklaring van 10 Oktober tot 'n vakansiedag, het ook die Eerste Minister en leier van die H.N.P. in Johannesburg die belofte gedoen dat daar aanstaande jaar wetgewing ingedien sal word om die dag amptelik te erken. Dr. Malan het daarop gewys dat baie stadsrade, ook dié van Johannesburg, reeds geruime tyd al die dag erken.

Sedertdien het Die Burger in 'n hoofartikel reeds bedenkinge geopper ten opsigte van die moeilikhede wat die regering in die weg mag lê. Die blad verklaar dat wetgewing van hierdie aard verdraag kan word „omdat dit 'n saak is wat eers deeglik ondersoek sal moet word” en aanbevelings ten opsigte van ander vakansiedae se vervanging strydwekkend kan wees. „Dit sou jammer wees as die erkenning van 10 Oktober om hierdie rede of verdraag of in die maalstroom van ander twiste gesleep sou word”, verklaar die blad.

Intussen is ook aangekondig dat die regering voornemens is

om 'n kommissie van ondersoek te benoem wat die verskillende belange in verband met die heropstelling van 'n lys vakansiedae moet raadpleeg.

PLIG ONTDUIK

As in aanmerking geneem word dat in die verlede reeds twee sulke kommissies ingestel was en verslae uitgebring het waarvan niks tereg gekom het nie, gee die nuwe belofte nie juis veel hoop nie. In 'n parlementêre demokrasie omseil 'n regering veel eerder 'n vraagstuk met behulp van 'n kommissie van ondersoek as om dit aan te pak. In die gewone loop van omstandighede word daar baie versigtig opgetree om tog geen aanstoot aan 'n moontlike stem te gee nie. Die beste is dus om so weinig moontlik te doen, dan word die minste aanstoot gegee.

ONBEGRYPLIK

Vir die gewone Afrikaner is dit onbegryplik om te verneem dat die eenvoudige herrangskikking van vakansiedae so 'n strydwekkende maatregel kan wees dat dit verdraging kan meebring aan 'n regeringsdaad wat reeds etlike jare deur mindere liggame prakties uitgevoer word. Die vraag kom op waarom 'n Afrikaanse regering so gevoelig moet wees vir Britse sentiment dat hy weier om 10 Oktober as vakansiedag te erken, terwyl van Engelse kant geen rekening gehou is met Afrikaanse gevoelens toe 24 Mei as Empire Day erken is nie.

Toe die huidige opposisie aan bewind gekom het, is Afrikaanse sentiment met 'n ysterhiel vertrap toe daar met 'n meerderheid van veertien oorlog verklaar is teen die Afrikaanse begeerte. Waarom 'n Afrikaanse regering bang moet wees om so 'n onbeduidende sakkie soos vakansiedae aan te pak en deur te druk lyk vir die gewone burger onverstaanbaar.

WIL IMMIGRASIE AANMOEDIG

'n Maatskappy wat hom ten doel stel om immigrasie van Europese blankes met besondere wetenskaplike tegnieke of ander uitstaande bekwaamhede na Suid-Afrika te bevorder, het pas in Pretoria tot stand gekom.

Die maatskappy is onder die naam M.E.I. (Maatskappy vir Europese Immigrasie) as 'n maatskappy sonder winsbejag geregistreer.

Prof. H. O. Mönnig is voorsitter van die direkte en mnr. E. C. G. Schweikerdt ondervoorsitter. Ander direkteure is mnr. M. Andrag, mnr. W. Buhrmann, mnr. H. J. E. Freyer, mnr. A. Hoheisen, mnr. J. S. Labuschagne, L.V., adv. O. Pirow, dr. E. Stahmer, mnr. W. H. Andrag, mnr. D. E. Ellis, mnr. T. Harms, mnr. F. W. Knacke, prof. A. L. Malan, L.V., mnr. J. M. Rabie en prof. R. L. Straszacker.

Die maatskappy het 'n kapitaalfonds gestig om geldelike steun aan verdienstelike immigrante te verleen. Besonderhede is by die sekretaris, mnr. E. G. Blohm, Posbus 340, Pretoria, verkrygbaar.

Moet Meer Werk Hoor Arbeiders

Die Britse regering wat as Arbeidersparty jarelank sy volgende geleer het om aan te dring op so min werke as moontlik teen soveel betaling as moontlik, ondervind nou die moontlikheid om sy stemvee te oorreë om meer te begin werk vir dieselfde lone. Brittanje se groot probleem lê by sy produksie en produksiekoste. Die lae produksie teen hoë lone het sy uitvoergoedere se pryse so verhoog dat dit nie op die wêreldmark kan meeding teen ander lande nie. Op die oomblik is regeringslede besig om die werkers te oorreë om meer ure per week te werk—die werkweek in Brittanje is op die oomblik net vyf dae.

• **Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!**

BEROEMD en WELBEKEND

oor die 66 jaar vir

BESTE WAARDE


in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE

HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle



ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

HOLLANDSE ENGELS NOG GEEN BEWYS TEEN AFRIKAANS

Die protes van die Afrikaanse Akademie teen die afskeping van Afrikaans op die aanstaande kongres van wetenskaplikes wat verteenwoordigend van die hele Afrika sal wees, het aanleiding daartoe gegee dat die Cape Times hom 'n sarkastiese opmerking betreffende die vermoë van Afrikaans om hom in tegniese terme uit te druk laat ontval het.

Spoorslag tot die sarkasme was die klaarblyklike erkenning van Hollandse kant dat Hollands nie geskik is vir wetenskaplike besprekings nie. Hierdie „erkenning” is vervat in die BRITISH Medical Journal wat tot hierdie GEVOLGTREKKING kom na aanleiding van wat in Holland kort gelede plaasgevind het. In 1947 het die Hollandse medici naamlik Engels as medium gekies vir 'n reeks publikasies oor mediese aangeleenthede. Hierdie voorbeeld is nou nagevolg deur Hollandse dokters wat 'n tydskrif oor snykunde in Engels laat verskyn.

Die British Medical Journal merk in die verband op dat die doel met die Engelse uitgawe is om 'n internasionale leserskring te kry. Bydrae in Duits en Frans sal ook opgeneem word, maar Hollandse bydraes sal in Engels vertaal word.

WANHOOP

Wat die lofwaardige of minder lofwaardige doel ook al mag wees van 'n klompie Hollanders om hul eie taal oorboord te gooi vir 'n ander taal, een ding is seker en dit is dat Engelse 'n baie groot fout sal begaan om Afrikaans te gaan beoordeel met 'n Hollandse maatstaf, veral die maatstaf wat daar vandag in Holland sedert die „bevryding” gevind word. Vlaamse kringe het lank voor die verskyning van genoemde mediese tydskrifte al begin wanhoop aan die voortbestaan van Hollands in Noord-Nederland, nie omdat die taal te kort skiet nie, maar omdat die Hollanders sedert die oorlog dermate onder Britse invloed gekom het dat hulle „geen waar-skuwende gevoel van skaamte” as volk meer besit nie, soos een Vlaming dit uitgedruk het.

VYF JAAR NODIG

„Minstens vyf jaar is nodig vir die volle uitvoering van die beleid van apartheid, en die publiek moet nie te haastig wees nie,” het dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, in Pretoria gesê.

Miskien moet die haastigheid van die publiek toegeskryf word aan die besef dat 'n regering in Britse parlementêre stelsel net vir vyf jaar gekies word en dat dr. Dönges al twee daarvan agter die rug het.

„FRUIT” EN „CAKE”

Hierdie geesteshouding word nie net weerspieël in die feit dat alledaagse eetware soos vrugte, koek en lekkergoed al lankal vir jong Hollandertjies sowel as geleerdes „fruit,” „cake” en „sweets,” en 'n alledaagse voorwerp soos 'n hemp vir Hollandse mans 'n „shirt” geword het nie — selfs in hul skryftaal — maar dat hulle hul gryse koningin by haar abdikasie selfs gehuldig het met 'n Nederlandse regiment gekleed in die rooi baadjie-uniform waarmee die Britse Tommies Transvaal probeer onderwerp het — en boonop nog met trots gewag maak van dié feit!

Wanneer 'n volk nie meer sy eie woorde het vir dinge wat hy daagliks eet en aantrek nie, verbaas dit natuurlik nie as hy die vermoë ook op wetenskaplike gebied kwyttraak nie. Maar dit is nog geen bewys dat Afrikaans, wat homself dermate teen Engels gehandhaaf het dat hy nog 'n anglisme kan uitken, nie daardie vermoë besit nie.

„Misdade Teen Die Mensheid”

Op 26 April 1946 het Julius Streicher, een van die Duitse leiers in die Neurenbergse hof, verklaar dat na sy gevangenneming hy vier dae lank sonder klere in 'n sel aangehou is. „Ek is gedwing om die voete van negers te soen. Ek is geslaan. Ek moes spuug drink. My mond is met 'n stuk hout oopgedwing en toe is op my gespuug. Toe ek om drinkwater vra is ek na 'n latrine geneem en gesê „Drink!”

Streicher is later met die ander leiers gehang. Sy laaste woorde aan die galg was die naam van sy vrou. (Montgomery Belion „Epitaph on Nuremberg”, bladsy 47).

A.P.-KONGRES UITGESTEL

Die kongres van die Afrikanerparty wat bepaal was vir 8 November te Bloemfontein, is onbepaald uitgestel. Min. Havenga se langdurige afwesigheid in die buiteland en sy opgehoopde staatspligte op die oomblik het dit genoodsaak.

WORD SLAGTERSNEK-HELDE NOU „GESUIWER”?

Die dwarsbalk van die Slagtersnek-galg sal by die Voortrekkermonument te sien wees, is verlede week aangekondig deur dr. J. Albert Coetzee wat die idee aan die hand gedoen het. Hy het gesê dat die balk 'n belangrike historiese stuk is. Die grondliggende oorsaak van die Groot Trek was die drang na politieke onafhanklikheid wat vir die eerste keer in 1795 met die stigting van die Republiek Graaff-Reinet bereik is en in 1815 met die galg van Slagtersnek en twintig jaar later (1836) in die Groot Trek tot sy hoogtepunt gevoer is. „Aangesien die drang na politieke onafhanklikheid die wesenlike kenmerk van alle volke is, maak die galg van Slagtersnek 'n belangrike deel uit in die geboorte van 'n nasie in Suid-Afrika,” het dr. Coetzee gesê.

Die balk sal op 31 Oktober van Van Aardspas, waar die galg opgerig was, gebring word. Vyf seuns en dogters, vergesel van vyf erewagte te perd, sal dit 'n ent dra. Die plan was om dit onderweg na Pretoria aan die publiek te toon, maar weens die kritiek van H.N.P.-blaaie op die hele voorneme, het dr. Coetzee aangekondig dat hierdie plan miskien laat vaar sal word.

Na aanleiding van hierdie berig skryf Die Burger dat hy bedenkinge het teen die voorneme om die Slagtersnek-balk in die gedrang te bring. Die blad het dit oor die noodsaaklikheid dat Afrikaans en Engelssprekendes in ons land moet saamwerk, en wys daarop dat ons geskiedenis vir 'n belangrike deel verdelend is en nie verenigend nie, hoewel ons nogtans „bemoedigend op die pad na nasionale eenheid” gevorder het.

„Ons sal ook vinniger vorder as albei bevolkingsdele getrou die woorde van Paul Kruger probeer eerbiedig om uit die verlede alles te neem wat mooi en edel is en die toekomst daarop te bou. Juis in hierdie dae kry veral die Afrikaner met die inwyding van die Monument en die voorafgaande feestelikhede die geleentheid om die ou President se raad met die daad uit te leef. Laat ons die Voortrekkers eer, en alles weer wat nie by die huldiging van hierdie manne en vroue te pas kom nie.

„BEDENKINGE”

„In hierdie verband het ons bedenkinge teen die planne met die sogenaamde dwarsbalk van die galg van Slagtersnek. Die historiese egtheid van die stuk hout is, vir sover ons weet, nog nooit bewys nie (dr. Coetzee maak sterk beswaar teen hierdie „onverantwoordelike” uitlating.—Red.); en tussen Slagtersnek en die Groot Trek is ook geen besondere of regstreekse verband nie. Ons kan ook geen geesdrif opwek vir 'n plegtige optog waarin seuns en dogters die stuk hout dra nie; sulke eerbetoen vir so 'n relikwie, al sou dit eg wees, is onafrikaans. En boonop is daar soveel in die Groot Trek en in die lewe van die Trekkers wat groot en edel en saambindend is, dat ons die Trekkers ons onverdeelde hulde kan skenk. Dit sal ook die saak van nasionale eenheid ten goede kom.” Aldus Die Burger.

EERSTE STAP

Bostaande klink meer na 'n aanhaling uit Die Suiderstem van 1938 as na 'n nasionale blad wat onder „nasionale eenheid” voorheen in die eerste plaas gedink het aan die eenheid van Afrikaanssprekendes. Maar wanneer Afrikaner-republikeine soos helote uitgewerp moet word uit 'n party wat die eerste die beste Engelssprekende op sy kongres na sy hoofbestuur stuur, word die eerste stap ook reeds gedoen in die rigting van afwatering van die geskiedenis.

Blykbaar moet Slagtersnek, wat deur Langenhoven as mylpaal op die pad van Suid-Afrika besing word, nou ook as synde nie „mooi en edel” nie geskrap word net soos Langenhoven se

NASIONALE BLAD WIL DIT VERGEET

Suid-Afrikaanse Engelssprekendes geen begrip vir die Afrikaner se vryheidstryd wil toon nie, maar nog steeds 'n land wil verheerlik wie se dade in Suid-Afrika van so 'n aard was dat mens dit moet vergeet om jou loyaliteit vir daardie land te kan behou.

OOK KRUGER?

En as ons Frederik Bezuidenhout en sy vyf makkers, wat voorheen as helde deur die Boerevolk gehuldig is, nou moet verwerp as slegte stene van die verlede waarmee die toekomst nie gebou moet word nie, waar gaan hierdie suiwering van helde ophou — by Paul Kruger self wat net soos die Slagtersnek-helde die veroweraar van sy volk uitgedaag het?

Maar die gevaar is altyd daar — dit het Rusland ook bewys — dat 'n suiwering wat teen hedendaagse volksgenote begin word, uiteindelik deurwerk na die verlede om ook daardie voorvaders te „suiwer” van wie die verworpe broers hul besieling kry.



GOEIE TABAK MAAK 'N GOEIE SIGARET.


Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë Virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

„ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK”

Kopiereg

R.A. 24



ROOI VIR KURK
GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER.

Kotzé

Kan met trots
aanspraak maak
dat sy kliënte
onder die bes
geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 19 OKTOBER 1949

MISLUKTE POGING OM TE „BESKAAF”

Die Britse pers het die afgelope week ook vir 'n oomblik stilgestaan by die vyftigjarige herdenking van die Britse veroweringsoorlog in Suid-Afrika. Wat daar gesê is, moet op die oomblik nog afgelei word van wat Engelse persmanne geskik ag vir Suid-Afrikaanse konsumpsie, maar as die uitlatings van een van die koerante wat indertyd as pro-Boers bekend gestaan het, as maatstaf geneem moet word, is dit duidelik dat die Britse gees nog niks van sy aanstootlike hooghartigheid in die afgelope vyftig jaar verloor het nie, maar eerder toegeneem het. Die Manchester Guardian bevat naamlik 'n artikel deur 'n Oxfordse historikus waarin tot die volgende slotsom gekom word:

„Milner het sy oorlog gekry sonder om sy doel te bereik; die Boere het hul onafhanklikheid verloor sonder om gewen te word vir vooruitgang en beskawing.”

Nou is dit bekend dat Brittanje sy veroweringsoorloë nog altyd gevoer het onder die voorwendsel dat hy die beskawing wil bring aan die verowerdes. Ook die steenkool- en goudoorloë teen die Boere-republieke van Natal en Transvaal was eintlik bedoel om die Boere tot beskawing te lei — hoewel met die barbaar Dingaan voor die ontdekking van steenkool nie oorlog gevoer is nie, maar handel gedrywe is. Tot so 'n mate is hierdie noot in die Britse propaganda gedruk dat Britse Tommies wat uitgekom het om die beskawingswerk met hul kanonne en vuurhoutjies teen Boeregesinne en plaaswonings te voltooi, by hul eerste aanraking met die Boere verbaas was om te sien dat dit normale mense is wat selfs kan sing en lees. Hierdie verbasing het nie-temin weinig bygedra om die gemiddelde Brit 'n beter insig in die karakter en aard van die Boer te gee, want na vyftig jaar, op 'n tydstop wanneer die Engelse pers hier te lande met uitgebreide handpalms pleit dat die verlede vergeet moet word, between Britse historici nog steeds die mislukking van die oorlog ten opsigte van die beskawing van die Boere. Ons sal daarom trag om die Britte aan 'n paar beskawingsfeite te herinner. Ons sal nie juis verwys na die gebruik in Brittanje in die „eeu van onreg” om vrouens per openbare veiling te verkoop nie — die laaste van hierdie gevalle het plaasgevind in die jaar van die Sandrivierse Konvensie. Ons wil ook nie hier beklemtoon dat die beskaafde Brittanje in die jare van die Groot Trek nog steeds kindertjies van agt en tien jaar opgehang het vir huisbraak en brandstigting nie. Ons sal ons liever bepaal by die saak onder bespreking: oorlogvoering terwille van beskawing.

SLAGTERSNEK

Een van die bekendste beskawingsdade van Brittanje in Suid-Afrika is die ophang van vyf Boere-versetplegers in die openbaar op Slagtersnek waar die slagoffers tweekeer die skavot moes bestyg. Hierteenoor kan ons stel die „barbaarse” daad van die Boere wat die sluiper Jameson se lewe gespaar het nadat hy 'n voorbedagte en georganiseerde inval op 'n onafhanklike staat uitgevoer het.

Maar dit is miskien onbillik om 'n daad van 1815 — toe die Britse minister van finansies nog boekgehou het op 'n amandelstok — te vergelyk met 'n daad van 1896 toe die Transvaal al buitelandse erkenning verkry het vir sy verligte onderwysstelsel. Dit sal miskien meer passend wees om die behandeling van oorlogsteenstanders nou presies drie jaar gelede aan Britse kant te vergelyk met hierdie behandeling van 'n militêre vrybuiters aan die einde van die 19e eeu deur die Boere. Dan hoef mens nie verder te gaan as Neurenberg nie waar die proses van vernietiging nog nie by die galg opgehou het nie; ook nie by die verstrooiing van die veraste oorblyfsels in die wind nie, maar verewig is in foto's wat op die galgvloer geneem is van die verwronge en verminkte lyke van die slagoffers. Dit is 'n beskawingsfeit waaroor elke Brit met trots kan nadink wanneer hulle die verdelde beskawingsproses aan hul teenstanders van vyftig jaar gelede beween.

Ons wil hulle ook verder daaraan herinner dat in daardie oorlog wat verklaar is om die Boere „vir vooruitgang en beskawing” te red, meer as vyf Boere-kindertjies onder die beskaafde versorging van Brittanje die hongerdood gesterf het vir elke Boer wat op die slagveld met sy lewe betaal het vir die groter beskawing wat aan hom gebring is; en dat, toe 'n Boere-offisier uit weerwraak vir die totale afbranding van Boereplase in die Vrystaat en Transvaal 'n paar huise in die Kaapkolonie afgebrand het, hierdie Boer, nadat hy dodelik siek in Britse hande geval het, doodgeskiet is, maar toe die aarts-vrouevanger en brandstichter lord Metheun, gewond in die hande van die Boere geval het, is hy sonder versuim aan sy mense teruggestuur omdat, soos 'n eerlike Brit dit stel, „die gesondheid van 'n gevangene (vir die Boereleier De la Rey) te heilig was om in gevaar gestel te word deur hom in gevangenskap te hou.”

ONPARTYDIGE UITSpraak

Ja, die motief om te „beskaaf” en die aanklag van onbeskaaftheid teenoor die Boere is al so vroeg as die Eerste Vryheidsoorlog gehoor, sodat 'n groep Hollandse bewonderaars in 1884 dit in 'n adres aan pres. Kruger as volg moes weerlê:

(vervolg in volgende kolom)

POORT NA 'N NUWE ERA VAN BARBAREDOM

Sedert die eerste vonnisse van Neurenberg drie jaar gelede uitgespreek is, is daar heelwat geskryf oor hierdie sonderlinge proses van die oorwinnaars in 'n oorlog wat glo gegaan het om behoud van die Christendom en die beskawing. Verskillende Engelse geskryfte het die lig sedertdien gesien, en dit mag miskien nuttig wees om by die herdenking van hierdie gruwel 'n paar aanhalings daaruit te neem. Dat die Neurenbergse „verhoor” niks te doen gehad het met die handhawing van die reg nie, maar die vrug was van ander motiewe, word geredelik erken deur Engelse en ook ander onpartydige ondersoekers.

Genl. J. F. C. Fuller, 'n bekende Britse militêre deskundige en skrywer van „The Second World War”, se oordeel word as volg saamgevat in 'n artikel wat onlangs in 'n Duitse koerant gepubliseer is:

„Die Neurenbergse verhore is duidelik 'n agteruitgang. Hulle het nie die peil van sedelikheid herstel nie, maar intendeel die peil van sedelikheid vernietig. Hulle het 'n voorbeeld geskep wat eendag deur alle beskaafde volke vervloek sal word — die voorbeeld dat mag reg is en dat die ernstigste van alle oorlogsmiddade is om 'n oorlog te verloor. Die gevolge van Neurenberg sal wees dat oorloë meer barbaars sal word. Die idee van wraak is geregtelik erken. Maar die geskiedenis het oor en oor bewys dat wraak nooit tot vrede lei nie.”

SAL OORLOG BEVORDER

Genl. Fuller se gevolgtrekking word onderskryf deur 'n onpartydige Switser, G. A. Amaudruz, wat in 'n boek oor Neurenberg die mening uitspreek dat die enigste „gelukkige” resultaat van die proses sal wees dat al diegene wat hul lewens lief het en verkies om onder die tedere oë van hul bloedverwante op 'n bed te ontslaap, enige verantwoordelike staatsbetrekking soos die pes sal vermy of by die geringste teken van oorlog aan die gegsigseinder, sal bedank. Veel eerder sal die gevolg wees dat daar voortaan met baie groter deeglikheid en ywer voorberei sal word op oorlog met die doel om te slaan solank die teenstander nog swak is, omdat elkeen weet dat die verloorder met sy lewe sal betaal. „Neurenberg sal dus, of mens daarvan hou of nie, juis oorlog bevorder.”

„BEDRIEGLIKE SKYN”

Hierdie selfde skrywer verklaar dat die eintlike doel met Neurenberg was om vir alle tye enige teenspraak oor Duitsland se skuld aan die oorlog buite orde te reël. Hierin stem hy saam met die Engelsman Montgomery Belgion wat nadat hy die aanklagte punt vir punt behandel het, tot die slotsom kom dat Neurenberg een groot stuk propaganda-daad was wat aan die Duitsers 'n skuldgevoel

moes gee: „Ek beskou die verhoor as ingestel met die doel om die bedrieglike skyn te wek van 'n regsbevinding ten opsigte van die bewering dat Duitsland die oorlog veroorsaak het. Ek beweer dat hierdie bedrieglike skyn aan die bewering gegee is deur middel van 'n daad van hoë politiek waarmee die hof belas was toe dit eintlik die taak opgelê was om vonnisse uit te spreek oor sommige van die beskuldigdes.”

Hy gaan voort deur te sê dat indien sy stelling reg is, dat die bedoeling van die verhoor was om 'n saak op te bou wat, in die afwesigheid van bewyse wat die hof nie tevoorskyn kon bring nie, nie anders as 'n historiese leuen beskou kon word nie — die leuen dat die Duitse volk verantwoordelik vir die oorlog was, dan kleef daar aan Neurenberg 'n Russies-kommunistiese reuk.

OORSAAK VAN OORLOG?

Die skrywer verklaar dat hy nie op die oorsake van die oorlog wil ingaan nie, maar hy sal graag meer wil weet omtrent

Neurenberg

„Vir baie dinge in hierdie oorlog kan ons persoonlik dankbaar wees; een daarvan is dat ons VAN DIE BEGIN VAN DIE OORLOG AF ons gedissosieer het van die elemente wie se skynheiligheid nou in Neurenberg gekulmineer het.”

Hans van Rensburg
in 1946.

dr. Schacht se selfgenoegsame ekonomie waaromtrent die heretog van Bedford as volg geskryf het:

„Tussen 1936 en 1937 was Hitler se vierjaar-plan fluks onder weg, maar toe het daar 'n ultimatum van die finansiers gekom dat Duitsland moet terugkeer na die goudstandaard „as die enigste metode wat die internasionale handel so kan reguleer dat oorlog voorkom kan word”.

By Neurenberg, aldus Mont-

(vervolg van vorige kolom)

„En spreek iemand van beschaving, dan vraer wy, waar werden ooit groter beschaving des harter gevonden dan bv. in de brieven der Boeren aan Koningin Victoria, of by die Spitzkopoverwinnaars, die met gebogen en ontbloot hoofd staande om het lyk van de aanvoerder der door hen verslagen vyandelike bende. een gedachte van weemoed wyden aan zyne weduwe?”

Ons kan miskien net hieraan toevoeg dat toe die Boerejeug van die Ossewabrandwag, afstammeling van die Boere-vegters wat nie vir „vooruitgang en beskawing” gewen kon word nie, 'n paar jaar gelede die berg Amajuba in besit geneem het, een van hul eerste dade was om die grafte van die gesneuwde Tommies te herstel en die terrein skoon te maak. Vergelyk dit met die Britse afstammeling wat hul voetbalsport kan teruglei na die dag toe 'n paar Britte begin het om die uitgetrawe koppe van 'n Noorse veroweraar op en af in die strate rond te skop.

'n Mens wil nie bitter wees nie, maar wanneer 'n geskiedkundige van die veroweraar vandag nog propaganda-krete wat indertyd bereken was om die laaste oorblyfsels van billikheid in 'n imperialistiese volk te ondermyn, klakkeloos herhaal, dan moet hulle ons verskoon as ons 'n paar steil skagte delf in die verlede.

gomery Belgion, was daar geen begeerte om die volkereg of enige ander reg in ag te neem nie. Dit was die begeerte om geleentheidsreg te voorskyn te bring, en hierdie poging om enkele persone aan te wys as „oorlogsmisdadigers” en hulle dan te verhoor en te straf onder 'n geleentheids-kamma-reg, moet as die vernaamste rede aanvaar word waarom denkmense geen gemoedsrus kan vind ten opsigte van hierdie veragtelike affêre nie.

EERS DAAD DAN WET

Die blatante verwerping van oeroue regsbeginsels soos die reg dat niemand skuldig bevind kan word van die oortreding van 'n wet wat tydens die daad van oortreding nog nie bestaan het nie, is een van die vingerwysings dat hierdie hof 'n ander doel voor oë gehad het as die handhawing van die reg. Toe die verdediging op grond van hierdie regsbeginsel die regsbevoegdheid van die hof in twyfel getrek het, is dit buite orde gereë omdat die handves van die hof onder artikel 3 uitdruklik bepaal het dat nóg die hof, nóg sy lede nóg hul plaasvervangers, deur die aanklaer of die verdediging of hul advokate in twyfel getrek kan word nie.” Dit, aldus die skrywer, was 'n duidelike erkenning van swaakheid, want geen hof wat op pote staan en werklike reg het om te vertolk, het rede om te vrees vir 'n toetsing van sy bevoegdheid of gesag nie.

Die bevinding van dr. C. K. Allen van Oxford by die samestelling van die hof was dan ook dat dit „'n proses voor 'n militêre hof met 'n selfgemaakte konstitusie, prosedure en jurisdiksie (is) ten opsigte van aanklagte waaronder sommige was waarvan nog nooit in die (vervolg op bladsy 5, kolom 3)

BESIT U AL HIERDIE TWEË BOEKE?

Onthou u nog daardie onvergeetlik stem wat oor die eter gekom het? „Goeie naand lieue luisteraars in Suid-Afrika!” „Goeie nag Boere!” Wel! Uit sy pen het so pas 'n boek verskyn:

„BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK”

Die grootste gedeelte van hierdie aangrypende verhaal is in die skroeiende nagloed van die afgelope oorlog geskrywe, kort nadat Giel Pienaar in Suid-Afrika teruggekeer het en voordat hy hier in hegtenis geneem is. Na sy vrylating uit Baviaanspoort het hy 'n paar bladsye bygevoeg, maar aan die oorspronklike verhaal het hy wesenlik niks verander nie.

Besit u hierdie waardevolle geskiedkundige roman?

PRYS 9/6 POSVRY

„ROOI VERRAAD” deur MAGDA BOYCE

PRYS 11/6 POSVRY

Onthou u nog u aandeel aan die verset teen die oorlogsbeleid, toe elke Afrikaansgesinde persoon 'n verdagte vyfdekollonner was; toe al wat nasionaalgesind was, vervolg en in kampe gestop was? Onthou u nog?

NOU JA!

Lees dan hierdie uitstaande roman — dit handel oor die botsing tussen die owerheid en die georganiseerde verset.

S.A. GEKOPPEL AAN SLEGTE NAAM

Dit is treffend dat 'n halwe eeu nadat die Afrikaners in die noordelike republieke hul heldhaftige stryd vir republikeinse vryheid teen die Britse agressor aangedurf het, 'n Afrikaanse koerant nuwe verdoemende getuienis aanvoer waarom Suid-Afrika vandag liever 'n Republiek as 'n Britse Statebondslaan moet wees.

Die Afrikaanse koerant is Die Burger en ons wil eerlik erken dat ons nie weet of die koerant self die republikeinse implikasies van sy getuienis besef nie, maar dit is nietemin aanwesig.

Die koerant skryf oor die Minister van Finansies se mislukte dollar-lening in die Verenigde State en hy voer aan dat die Amerikaners nie te hard geoordeel moet word nie, want die geskiedenis van Amerikaanse lenings aan Brittanje het eersgenoemde genoeg rede vir leeningsskuld gegee. Lesers moet onthou dat die Amerikaners geen onderskeid maak tussen Brittanje, die Statebond of Statebondslaan nie.

Die Burger skryf: „Dink maar aan die biljoene-lening tydens en ná die Eerste Wêreldoorlog en aan die lot wat Amerika se lening van £1,000 miljoen van enkele jare gelede aan Brittanje wag. Die Britte moet oor enkele jare met die terugbetaling daarvan begin, maar die Amerikaners kan die lening op die spreekwoordelike wyse opskryf en weer uitvee.” Omdat die Amerikaners uiters ongelukkige ondervinding het van lenings aan Brittanje, moet Suid-Afrika nou betaal vir Britse sondes — en dit ten spyte van die feit dat Suid-Afrika „'n eerlike en ekonomies-gesonde lener” is.

Die gevolgtrekking is vanselfsprekend. As Suid-Afrika geen Britse konneksie meet het nie, sal hy ook nie hoef te betaal vir Britse odium nie. Vir 'n halwe eeu reeds betaal Suid-Afrika die prys vir die Britse konneksie — in terme van bloed op Britse slagvelde, skuldlaste in Britse oorloë, en leses, volgens Die Burger, Amerikaanse affakke as gevolg van Britse bankrotenskap.

Sal die Eerste Minister, dr. D.

F. Malan, kennis neem van die betekenis van hierdie artikel in sy lyfblad? Ons vra die Eerste Minister se aandag omdat hy pleit vir 'n republiek binnekant die Britse Statebond, m.a.w. vir 'n republiek wat moet voortgaan om die prys te betaal vir die Britse konneksie.

LANDSBESTUUR IS 'N TAAK— NIE 'N PRYS

Een van die grootste moeilikhede met die parlementêre stelsel is dat dit landsregering as 'n doel op sigself en nie as 'n middel tot 'n doel beskou nie. Die grootste gedeelte van alle inspanning is gerig op die verowering van die bewind en daarna om handhawing van die bewind teen die opkomende opposisie.

Werklike konstruktiewe werk in belang van land en volk is eintlik maar die bykomstige prestasie van 'n politieke party aan bewind — sy oorskiet bedrywigheid.

Die regte houding sou wees dat regering as 'n besondere volksfunksie beskou moet word wat met die minste kragverspilling beklee en met die grootste toewyding uitgevoer moet word. Daarvoor is nodig dat teruggegaan moet word na die stelsel van die Boere-republieke waar verkiesings 'n blote aanwysing van ampsdraers was en nie die periodieke klimaks van 'n stryd wat jaar in en jaar uit gehandhaaf moet word net omdat die staatsstelsel 'n opposisie vereis om die regering te beveg nie.

UIT DIE WEEK SE NUUS

Prof. W. W. M. Eiselen, hoof-inspekteur van natuurleer-onderrig in Transvaal, is deur die regering aangestel as die nuwe Sekretaris van Naturellesake in die plek van dr. W. J. G. Mears wat vanjaar aftree. Prof. Eiselen was voorheen hoogleraar in Bantoe-tale en volkekunde aan die Universiteit Pretoria.

Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het verlede week aangekondig dat daar geen verkiesing hierdie jaar sal plaasvind nie. Die termyn van die huidige bewind verstryk aanstaande jaar, maar omdat verwag word dat die Arbeiders-party nie weer die paal sal haal nie, was daar sterk sprake dat daar vanjaar al verkiesing gehou moet word. Die kabinet was verdeeld oor die saak, maar Attlee het die beslissing gegee. Blykbaar word nou reeds 'n nederlaag verwag, sodat die party die groen kussings maar vir die volle tydperk wil benut.

Appelregter O. H. Hoexter sal deur die regering benoem word om ondersoek in te stel na sekere klagtes wat in twee hofsake teen beweerde wanpraktieke in die polisiemag gemaak is. Die hofsake het in verband gestaan met vrugafdrywing en drankhandel, en volgens die uitlatings sou praktieke van die aard oogluikend toegelaat gewees het. Na ver-

neem word is etlike hoë amptenare in gedrang.

'n Rekordprys vir wol is verlede week in Kaapstad behaal toe 'n baal van mnr. A. P. Uys van Heidelberg verkoop is teen 73½d. per pond.

Die eerste koöperasie vir die kunsmatige bevrugting van melkbeeste in Suid-Afrika is verlede week op Durbanville gestig. Die stigtingsvergadering is bygewoon deur 'n groot aantal boere uit die Boland.

Die V.V.O. het met 'n meerderheid van 39 teen 2 stemme besluit dat lyfstraf nie toegepas moet word deur ledelende nie. 'n Spesiale beroep is op Brittanje, België en Australië gedoen om dit af te skaf. Net Suid-Afrika en Brittanje het in die betrokke komitee daarteen gestem.

Die waternood styg by die dag hoër in die deur droogte geteisterde dele van die Unie. Langs die Grootrivier in die Noordweste en by Beaufort-Wes word die verskaffing van drinkwater reeds 'n groot vraagstuk, en dit het nodig geword dat water van elders aangery moet word.

„Monsteragtig” Sê Britse Advokaat

„Dit is monsteragtig om 'n Duitse soldaat te verhoor — en dit nog in Hamburg — omdat hy eiendomme vernietig het,” het die Britse advokaat R. T. Paget verlede week gesê toe hy die aanklagte teen veldmaarskalk Von Manstein ontlee het. Een van die aanklagte was dat hy eiendomme vernietig het toe die Duitse leërs teruggeval het voor die Russiese magte aan die Oos-front.

„Dit was blykbaar wettig vir die Geallieerdes om bewoonde stede te bombardeer, maar onwettig vir die Duitsers om die opmars van die Russe te bemoeilik deur vernietigings wat geen lewensgevaar vir die inwoners meegebring het nie”, het hy gesê. „Net so was dit wettig vir die Geallieerdes om burgerlike persone te ontruim ter voorbereiding vir die oorgang oor die Ryn, maar onwettig vir die Duitsers om burgerlikes voor 'n oprukkende vyand te ontruim.”

POORT NA 'N NUWE ERA

(vervolg van bladsy 4, staatsreg of volkereg gehoor is nie.)

GROOTSTE WANDAAD

Die grootste verkragting van die reg was ongetwyfeld dat die Duitse leiers verhoor en veroordeel is deur Russiese regters wat aan presies dieselfde of nog erger dinge waarvoor die hof ingestel was, skuldig was. Die Duitse leiers is byvoorbeeld aangekla dat hulle verdrae geskend en aggressie gepleeg het. Die Russe wat die straf oor hulle uitgespreek het, het self ten spyte van verdrae Finland in November 1939 binnegeval, en het die helfte van Pole in 1939 geannekseer, en het die Oossee-lande in Junie 1940 oorpompel. So seer is die aanval op Finland as 'n daad van aggressie beskou dat die Volkebond Rusland daarvoor uitgeskop het. Nogtans is Duitse leiers voor 'n hof geslepe waarop verteenwoordigers van Rusland gesit het as regters.

Die Duitse leiers is galg toe gestuur omdat hulle mense vir arbeidsdoeleindes verskuif het, maar die Russe het uit Pole alleen, volgens die Poolse vlugteling-regering, tussen 'n miljoen en anderhalf miljoen mense ontvoer na slawekampe. Van 144,000 Poolse kinders wat ontvoer is, is tot hede toe nog nooit rekenskap gegee van 77,834 nie — dit wil sê die helfte. Hieroor is by Neurenberg geswyg. En onderwyl Neurenberg aan die gang was is 'n 10 miljoen Duitsers deur die Russe en hul kommunistiese satelliete uit Oos-Duitsland en Sudetenland verjaag nadat hulle kaal gestroop is van al hul besittings. Onderwyl hierdie daade aan die gang was, het Russiese en Geallieerde regters gesit en luister na aanklagte van „ misdade teen die mensheid” teen Duitse leiers.

REGTER SE MISDAAD

Om 'n persoon te verhoor vir daade wat op daardie oomblik nog deur die regter gepleeg word, is al 'n verregaande bespotteling van die reg, maar wanneer 'n persoon aangekla word vir daade wat sy regter gepleeg het, is dit die uiterste grens van onreg, en ook dit het by Neurenberg gebeur toe die massa-slagting van 11,000 Poolse offisiere by Katyn deur die Russe in die aanklag teen die Duitse leiers ingesluit is, nie-teenstaande 'n onpartydige kommissie van die Internasionale Rooikruis kort na die gruwelike ontdekking bo alle twyfel vasgestel het dat dit die werk van die Russe was.

OPPOSISIE VERJAAG SY STEMVEE MET BANGMAAKSTORIES

Die Engelse pers is die jongste tyd vol berigte omtrent Britse immigrante wat teleurgesteld terugkeer „Home” toe. Die oorsaak vir hierdie terugtog word dan voor die deur van die Nasionale regering gelê wie se beleid vir hierdie mense dan 'n verskrikking sou wees.


So het een van die koerante verlede week berig van 'n toenemende stroom immigrante wat uitverkoop teen enige prys en dan hul geld saamvat oorkant toe. Onder die wat genoem word is daar vermoendes wat soveel as £500,000 sou besit. Hierdie mense, so heet dit, verkoop nou huise wat hulle teen £70,000 gekoop het vir £1,500 onder die koopprys, en plase wat vir £30,000 gekoop is vir £23,000. Volgens die sekretaris van die 1820 Settlers het die aansoeke om voorgenome immigrante in Engeland ook grootliks gedaal.

Teenoor 'n daaglikse 15 per dag aan die begin van die jaar, is daar nou maar vier aansoeke per dag.

Dat hierdie afname vir 'n groot deel toegeskryf moet word aan die opposisiepers se propaganda-veldtog wat sy lesers so wel hier te lande as in Engeland die ritteltits gee, is 'n ironiese feit wat die opposisie gerus oor kan nadink. Die bedoeling was oorspronklik dat die immigrante moes kom stem, en vir die doel is hulle met die pragtigste voorstellings aangaande die land aangelok. Nou dat hulle dit heelwat anders vind as die sprokiesverhale van werwers, word by hul teleurstelling nog die skrik vir en woede teen die regering gevoeg deur propaganda-berigte wat eintlik bedoel word om stemme te vang van ou inwonende Engelssprekendes. So vernietig die opposisie sy eie partypolitieke doel. In plaas van stemme te wen, jaag hy nou stemme terug Engeland toe.

Ons wens hulle alle sukses toe op hul arbeid!

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS



LET OP HOE DIE OLIFANT DIE GRONDBOONTJIE GRYP

Hou die prent op ooghoogte en bring dit dan langsaam nader totdat u neus aan die ster raak. Sien u hoe die olifant die grondbontjie eet?

VIR SMAAK-TOETS



U OË MAG U BEDRIEG—MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

RONDE Kommando -sigarette



20 vir 1/- 50 vir 2/4

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande, Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

STEYNBERG.— Aan Susan (Geb. Hugo) en Jc. 'n gesonde dogter op 5 Oktober te Pretoria. Beide wel. Dank aan die goeie Gewer. 19/10/18

HUIS TE HUUR

Gemeubileerde huis te huur te Bellville Desember en Januarie. Skryf aan Van Rooy, Posbus 4180, Kaapstad. 19/10/1

TE KOOP

ALSATIAN-HONDJIES uit kampioen-stamboekouers. Kwaai en waaksam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/- — Zeeman, Robertson. TK/30/3

BEESTE: Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koele en verse. — Zeeman, Robertson. 1/12/TK

BEESTE: Opreggeteelde ongeregi-streerde Frieslandbultjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoele. Ook koele en verse. Zeeman, Robertson 13/7/T.K.

BOERMEEL met ons bekende steen-meule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lè-meel 26/6; Melk-meel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kom-builstawte met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-; Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — Mission Store, Elfm, K.F.

Kamerade aandag! Hiers Varke — Speenvark. Van die allerbeste. Ek verkoop hulle en vertrou op u steun. Grootwit en grootswart 5 tot 7 weke 42/- stuk. Grootwit 5 weke 40/- stuk. V.O.S. Seven Oaks, Natal. Johann Möller. 5/10/3

WATTEPALE EN SPARRE. — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk. Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk. Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas. Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas. Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling. 31/8/TK

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6-4TK

GRYS HARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYS-HAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesismiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis **GESONDHEID**, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis. — Boeregenesismiddels, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou**, Bus 7559, Johannesburg. (Nr.1) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëts-aannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 80/- per ton vrygelaat. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355 PAROW

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE**, **EIER** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

ONS GELDELIKE MOEILIKHEID

„Uranus, Die Siener”, Stellenbosch, skryf:

Die aandeel-mark het alweer sy geleentheid gehad, want almal het groot dinge verwag uit Minister Havenga se verklaring — en wat was dit? Die spekulant verryk.

Ons gaan £20,000,000 uit Engeland en £6,000,000 uit dollarlande leen — aan die ander kant skuld ons Regering £50,000,000 aan die Reserve Bank — en dit beteken alles hoër belastinge en ons noodwendige ontwikkelinge moet links laat lê word. Waar voer dit ons heen?

£250,000,000 is nodig vir besproeiing en opgaardamme en erosiebestryding.

£100,000,000 is nodig vir ons nasionale paaie.

£100,000,000 is nodig vir hospitale en behuising — en ons leen £26,000,000 vir masjienerie ens.

Is ons bang om rewolusionêr te lewe en te handel terwille van ons nageslag?

Kan ons nie begin met 'n 10 jaar-plan van ontwikkeling nie?

En hier begin ek droom! Nederland, Frankryk, Duitsland het geëksperimenteer met hul binnelandse ekonomie. As ons vir 10 jaar lank elke jaar £50,000,000 se note uitgee deur die Reserve Bank vir ontwikkeling op voornoemde gebiede, op die blote waarborg van die ontwikkeling, en Regeringsertifikaat as sekuriteit lewer, dan het ons in 10 jaar £500,000,000 note uitgegee (as soveel nodig is). Elke jaar word daar 'n spesiale belasting gehef op inkomstes van £3,000 en hoër van 5/- in die £1. Vir hierdie heffing word daar jaarliks note ingetrek. Ook ander spesiale bronne van belasting kan met tertyd geskep word, asook spesiale spaarskemas. Met hierdie waarborge behoort dit nie die finansiële kringe van die wêreld te skok nie.

Verder nog dit: Inkomste-belasting is die lastigste van alle vorms van belasting — sou 'n indirekte koop- en verkoopsbelasting nie baie goedkoper wees en meer regverdig nie? Moet ons dit dalk 'n omsetsbelasting noem?

Kwitantries met seëlregte en tjeks volgens grootte moet ingevoer word en eers inkomstes bo £2,500 per jaar word dan belasting alleen vir superbelastingdoeleindes. Is dit ook 'n droom, want ek vrees ons is bang vir drastiese veranderinge.

Mnr. die redakteur daar is soveel wat prakties aangewend kan word, maar die mensdom is nog te bang dat die kind gedoop sal word „Sosialisme” of „Nasionaal-sosialisme” of „Isolasie”.

Op hierdie wyse sal ons ekonomies onafhanklik word, ruimte vind vir die regte immigrante en behuising vir elk en ieder. Ook 'n motor, radio en yskas in elke huis en 'n florerende nywerheid.

DIE PRAGTIGSTE LINNEPAKKE KOOP U BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

Soos Ons Lesers Dit Sien

almaal hierdie selfde staatsmanne wat die Westerse nasies vertrou en, hoe kan hulle dan opgewasse wees teen Stalin? Goering het in sy brief verklaar: „U sal, niteenstaande u hoë ouderdom, nog die dag beleef dat u oë sal aanskou dat ook Engeland deur u Rooi bondgenoot oorstroom en verwoes sal word. . . .” Dit alles is reeds kristalhelder vandag en daardie dag staar Churchill reeds nou in die oë.

MINDER PAPIER VIR KOERANTE

„Oom Paul se Seun”, Kaapstad, skryf as volg in Engels:

Ons land voer groot hoeveelhede papier in vir die druk van koerante waarvoor ons in dollars moet betaal. Het die tyd nie aangebreek dat die regering perke moet stel aan die hoeveelheid papier wat deur koerante gebruik mag word nie?

Ek doen aan die hand dat daar 'n maksimum grootte vir koerante vasgestel word en die Engelse koerante versoek moet word om hul patriotisme te openbaar deur hul koerante te verklein tot, sê, die grootte van Die Burger, sodat dollars bespaar kan word.

As alternatief doen ek aan die hand dat dieselfde hoeveelheid koerantpapier aan die Engelse pers as aan die Afrikaanse pers toegestaan word.

BESLUIT OOR VRAESTELLERY

Op 'n vergadering gehou op 22 September het die Marchandise vroue- en manne-kommando's besluit, na 'n deeglike bespreking van offisiere, om geen kwaadwillige vrae in die toekoms op vergaderings toe te laat met die oog op die verlede nie, want deur dit toe te laat het op 'n vuigse uitloop, berig komdte. mev. H. Engelbrecht.

Studente In Partypolitiek

Nadat die Herenigde Nasionale Party 'n tyd gelede begin het met sy korrespondensie-kollege vir aspirant-politici, het die Verenigde Party dit nodig gevind om sy eie opleidingskollege vir organiseerders op te rig. Voorverlede week het die eerste V.P.-„studente” met hul kursus in Kaapstad begin. Laasgenoemdes ontvang 'n „leerling-salaris” vir die duur van die kursus en word aan praktiese onderrig onderwerp.

Ons wil aan die hand doen dat die twee „kolleges” ook studente uitruil. Nie alleen sal dit miskien tot 'n beter verstandhouding tussen die partye ten opsigte van gemeenskaplike landsake lei nie, maar dit sal die taak van organiseerders — en van die partye — soveel makliker maak in gevalle waar teleurgestelde organiseerders oorstap na die ander party — 'n proses wat maar gedurig aan die gang is, waarskynlik, soos iemand met 'n goeie sin vir humor opgemerk het, om die kwessie van salaris-verhoging op te los: die een party gee dan verhoging waar die ander nie meer kans sien nie.

IS U 'N REPUBLIKEIN?

Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby

ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokkletters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 19 OKTOBER 1949

BESONDERHEDE VAN JEUGLAERTREK TE PRETORIA

Onderstaande is belangrike besonderhede in verband met die Boerejeug-laertrek te Pretoria in Desember.

- (1) Die Boerejeug hou vanaf 12 tot 18 Desember, 1949, 'n Uniale Laertrek by die Voortrekkermonument, Pretoria. Die laertrek is vir alle kinders bo 10 jaar.
- (2) Laerfooi vir 7 dae is £1 10s. per persoon. Wanneer daar meer as een kind uit dieselfde huis die laertrek bywoon, sal korting toegestaan word.
- (3) Persone wat die laertrek wil bywoon, wat nie-lede van die Boerejeug is, moet vir hulle eie reiskoste, heen en terug, sorg. Na gelang van plaaslike omstandighede mag 'n offisiere kinders met

KAAPSTAD GEDOEN. Vind asseblief net uit wat die reiskoste is, sodat u weet wat die bedrag is wat u moet inbetaal vir reiskoste. Tye van treine vir Kaapland word later bekendgemaak.

- (5) Alle Boerejeuglaergangers moet in die amptelike Boerejeug-uniform die laertrek bywoon.

Seuns wat gladnie die amptelike Uniform kan bekostig nie, sal toegelaat word om khaki-klere te dra. Almal moet egter die amptelike hoed besit.

- (6) Offisiere word toegelaat om enige nie-Boerejeuglid wat hulle geskik ag uit te nooi om saam met ons te gaan kamp. Die voorwaardes is

VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk:

OKTOBER

22. Wilhelmina Theron, Koster, Tvl. Jacoba van Dyk, Koster, Tvl. Elizabeth Koen, Frankfort, Ovs. Frederika Bronner, Vryburg. Cecile Cilliers, Paarl.
23. Marita van Schoor, Paarl. P. G. Wium, Vlotterberg. Louisa van der Westhuizen, Vryburg. Karin Bellstedt, Paarl. Chrissie Brits, Rustenburg, Tvl. Martha Nieuwoudt, Buurmansdrift.
24. Minnie Steyn, Stellenbosch. Eduard Oosthuizen, Frankfort, Ovs.
25. Susanna du Toit, Kirkwood. Catharina de Villiers, Bultfontein. Maria Nel, Ottoshoop, Transvaal. Petronella Erasmus, ?
26. Charl Cillie, Olyvenbos, Wellington. Johanna Botha, Loxton. Johanna Smit, Loxton.
27. Jan Joubert, Hugenoot. Jacoba Bronner, Vryburg. Chatrina Myburgh, Vryburg. Stephanus Els, Vryburg. Elizabeth Coetzee, Rustenburg.
28. Marijtte Welthagen, P.K. Mooinool. Truida van Velden, Stellenbosch.

CALEDON SE BOEREJEUG TREK LAER

Die eerste en baie geslaagde laer is oor die afgelope naweek op Middelplaas van mnr. Kootjie Viljoen gehou onder die bekwame leiding van kommandante Fouché.

Die hoofdoel van hierdie laer was dan ook om die Boerejeug deeglik af te rig vir die 16 Desember-laer, en nadat kommandant Winkel die laergangers onder hande gehad het vir praktiese dissipline was dit net 'n spoggerige klompie Boerejeug wat Maandag-middag huistoe gegaan het.

Verder was jukskei, swem, stoei en speletjies aan die orde van die dag, en moet nie praat van die lekker ou kampvuur nie. Die Boerejeug spreek hul waardering uit teenoor die ouers en belangstellendes wat die laer so gereeld besoek het en spreek die vertroue uit dat dit die eerste van nog baie laers op Caledon gaan wees.


AANDELEMARK SKOMMEL NIE EENS MEER

Die Franse het al so gewoon geraak aan die kabinetskrisisse van hul parlementêre stelsel dat die aandelemark nie eens meer skommel by sulke geleenthede nie—en dit is veel gesê.

Met die land vir meer as 'n week sonder regering onderwyl 'n politikus besig was met die samestelling van die dertiende regering sedert die bevryding van Frankryk, is berig dat die aandelemark nog geen noemenswaardige reaksie getoon het nie en dat die prys van goud selfs gedaal het.

Miskien het die Franse deur hul langdurige ondervinding van die parlementêre stelsel al geleer dat dit nie veel verskil aan die land maak of daar 'n partyregering aan die bewind is of nie.

BOEREJEUG-UNIFORM



Sleutelsteenteken.




Drag van die Boerejeugs-Afdeling Boerekleingood, Boerejeug, Onderoffisiere

1. **Broek:** Groen-kakie kortbroek, met breë (2 duim) bruin lyfband.
2. **Hemp:** Groen-kakie hemp; twee sakke met klappe; opgerolde moue; sagte boordjie; skouerlissies.
3. **Das:** Donkergroen das met O.B.-wapen as dasspeld (vir seuns bo 12 jaar).
Nekdoek: Vir die Kleingood — 6 tot 12 jaar: Donkergroen kortpunt nekdoek onder die hems-kraag gedra. Punte voor aanmekaar geknoop en onder lyfband ingestee. Swart hout nekdoekringetjie, ongeveer 1 duim wyd.
4. **Kopstuk:** Breërand Kakie-groen hoed met regterkant opgeslaan, met 'n volstruisveer waarvan 1 duim uitsteek.
5. **Skoene:** Bruin skoene met lang kakie sokkies.
6. **Kentekens:**
 - (a) Wapen aan opslaankant van hoed gedra.
 - (b) Sleutelsteen word op beide kante van die hems-kraag gedra.
7. **Rangtekens:**
 - Sersant: Drie wit strepies (wit materiaal, elk 1 duim breed en 1 1/2 duim lank), bo-mekaar.
 - Korporaal: Twee wit strepies bo-mekaar gedra.
 - Rangtekens word op linker mou (bo-arm) van hemp gedra.

Die volledige uniform vir die seuns-afdeling (uitgesonderd die nekdoek vir die kleingood) is teen 14/12/6 by Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, verkrygbaar. Meld asseblief die mate. (Kontant met bestelling.)

Drag van die Boeredogters-Afdeling Boeredogters en Boerekleingood

1. **Rok:** Volgens afbeelding A
 - (a) **Materiaal:** (1) Donkerblou Duitse-sis met klein ontwerp in wit. (2) Donkerblou voering vir rok.
 - (b) **Versiering om hals en moue:** Wit kantjie.



(c) **Lengte van rok:** Op die knieskyf. Kleingood iets korter.

(d) **Rok kom agter oop:** vasgemaak met hakies en ogies. Voor met twee koordtjies.

2. **Voorskoot:**
 - (a) Volgens afbeelding D.
 - (b) **Materiaal:** Wit linne.
 - (c) **Lengte:** 2 duim bokant lengte van rok.

3. **Mantel:**
 - (a) Volgens afbeelding C.
 - (b) **Materiaal:** Enige donkerblou materiaal wat maklik drapeer. Voering donkerblou.
 - (c) **Lengte:** Tot by heupe.
 - (d) **Word voor vasgemaak** met hakies en ogies.

4. **Kappie:**
 - (a) Volgens afbeelding B.
 - (b) **Materiaal:** Wit linne.



5. **Skoene:** Plathak swart toeryskoene.
6. **Kouse:** Wit sokkies sonder strepe.
7. **Kentekens:**
 - (a) Wapen as borsspeld.
 - (b) Sleutelsteenteken op voorskootsak.
8. **Rangtekens:**
 - Sersante: Drie wit strepies

(wit materiaal, elk 1 duim breed en 1 1/2 duim lank) bo-mekaar.


Korporale: Twee wit strepies. Rangteken word op linkerbors van rok gedra.

As julle moeilikheid het om Duitse-sis in die hande te kry, skryf aan Boerejeughoofkwartier en sluit julle 3/9d. per jaart in, dan stuur ons dit dadelik vir julle.

Seuns, julle uniform is ook by Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, verkrygbaar.



Die hele uniform kos slegs 14/12/6. As julle nie al die dele van die uniform koop nie, kos die verskillende dele elk as volg: Broek (32 duim) 17/-; hemp (16 1/2) 11/0/6; hoed (7 1/2) 15/-; lyfband (30 duim) 8/- (nie Sam Browne nie); skoene (9) 11/7/6; sokkies 9/-; das 5/-. Die syfers tussen hakies is die grootste nommers wat ons in besit het en wat ons onmiddellik kan lewer.



laer- en reiskostes help uit die Boerejeug-kas.

- (4) **REISKOSTES:** (Kaapstad na Pretoria en terug)
 - (a) Skoliere onder die ouderdom van 16 jaar £3 0s. 3d.
 - (b) Skoliere en studente van 16 jaar en ouer £5 0s. 4d.
 - (c) Volwassenes en persone wat toesig hou £8 0s. 6d.
 Hierdie is teen die spesiale ekskursie-tarief. Persone wat nie saam met die Boerejeug terug kom nie of wat hulle reis met die terugkom wil onderbreek, moet die gewone tariewe betaal. Offisiere word ernstig versoek om onmiddellik met hulle naaste stasiemeester in verbinding te tree en uitvind wat die tariewe is vanaf die stasie waar hulle sal opklm. **KAAPLAND** se laergangers kan opklm by die volgende plekke: **KAAPSTAD, WEL-LINGTON, BEAUFORT-WES, DE AAR** en **KIM-BERLEY, VRYSTAAT EN TRANSVAAL** se Offisiere moet asseblief reël dat hulle groepe by die naaste stasies aansluit sodat almal op die 12de Desember te Pretoria aankom. **KAAPLANDSE OFFISIERS MOET EG-TER GEEN PLEKKE BE-SPEEK OP TREINE NIE. ALLE REELINGS IN-HIERDIE VERBAND WORD DIREK VANUIT**

egter dat sodanige persone hulleself vir die tydperk van die laertrek as Boerejeug-lede moet beskou. Rig ook onmiddellik aan u plaaslike skoolhoof 'n versoek om aan te kondig dat sy leerlinge saam met die Boerejeug na Pretoria mag gaan. Indien enige wil saamgaan moet hulle onmiddellik met ons kontak maak.

- (7) Besonderhede oor laerbeno-dighede word later bekendgemaak.

- (8) Ouers wat van voorneme is om saam met hulle kin-ders die Boerejeuglaer by te woon, moet hulle name on-middellik aan Boerejeug-hoofkwartier verstrek as-ook besonderhede van hoe-veel kinders onder 10 jaar saam met hulle gaan.

- (9) Elke laerganger moet voor die einde van OKTOBER hulle laerfooi en reiskoste aan Boerejeughoofkwartier stuur. Dit is uiters belang-rik aangesien geen plek be-spreek sal word voordat ons die reisgelde ontvang het nie. Boerejeug-lede moet egter met hulle offisiere skakel in verband hiermee, om duplisering te voorkom.

ALLE BESONDERHEDE MOET GESTUUR WORD AAN BOEREJEUGHOOF-KWARTIER, POSBUS 3471, KAAPSTAD.

Los Wit Brood En Behou Petrol

Die wenk dat die regering liewer die ongesonde wit brood moet afskaf en daarmee dollars bespaar as om die volk se petrol in te kort, is vervat in 'n nuusbrieff van adv. O. Pirow. Hy skryf:

In die eerste plek moet die regering tog 'n gedagte hê omtrent die hoeveelheid petrol wat hulle wil bespaar. Laat ons dit op sestig miljoen gelling per jaar stel, wat 'n baie aansienlike besparing sou wees. Sestig miljoen gelling sou in die Unie-hawens gelewer, tot kort gelede, een en 'n half miljoen pond teen ses pennies per gelling gekos het. Uit hierdie sestig miljoen gellings sou die Tesourie, die Nasionale Padraad en die Spoorweë gesamentlik omtrent drie miljoen pond gemaak het. 'n Besparing van sestig miljoen gellings sou dus vir die betrokke belanghebbendes 'n verlies van drie miljoen pond beteken.

SOOS WHISKY

Die posisie is baie soos in verband met die verbod op die invoer van whisky waarop die tesourie groot verliese sou gely het. Hierdie saak is nou deur die persoonlike tussenkoms van min. Havenga tot algemene tevreedenheid opgelos en die vraag ontstaan of die voorgestelde besparing nie op ander invoerartikels met minder binnelandse verlies verkry kan word nie. Wel, die bedrag van een en 'n half miljoen pond wat ons wil bespaar is toevallig die juiste bedrag wat die luukse van wit brood ons kos. Sien af van wit brood en jy kan die land een en 'n half miljoen pond spaar, of om die saak anders te stel: Sien af van die verkiesingskreet van wit brood en jy hoef nie aan die publiek se petrol te raak nie, of nog anders: jy hoef baie minder in te gryp as wat jy sal moet doen as ons aangaan met daardie brood wat dr. Stals, die Kabinet se deskundige op Volksgesondheid, as ongesond beskou.

ONBILLIK

Omtrent enige rantsoenering staan een feit soos 'n paal bo water: Die gewone eerlike burger gaan daardeur gestrem in party gevalle gevoelig gestrem word, terwyl 'n sekere klas persoon net soveel of nog meer as tans met brandstof sal mors. So was dit die laaste keer toe petrol gerantsoeneer is, so sal dit elke keer wees. Daaraan kon die vorige Regering niks doen nie en daaraan sal hierdie Regering niks kan verander nie.

- Hy wat in „Die O.B.” adverteer is werd om ondersteun te word!

ATOOMBOM WAS ERESALUUT VIR ROOI DUITSE REGERING

Toekomstige geskiedskrywers sal die samestelling van die regering in die Russiese-besette Oos-Duitsland as die keerpunt in die Duitse geskiedenis na die tweede wêreldoorlog beskryf — en nie net van die Duitse geskiedenis nie, skryf ons korrespondent uit Duitsland. Die Russiese atoombom was die voorteken van wat nou begin en die saluutskoot vir die toekomstige planne en oogmerke wat in die program van die „Verenigde Duitse regering” in

VERBETERING OP NEURENBERG

Ilse Koch, eggenote van die kommandant van Buchenwaldkamp, wat deur die Neurenbergse hof tot lewenslange tronkstraf veroordeel is op bevreemde aanklagte van mishandeling van gevangenes, maar van wie die vonnis later verander is na vier jaar omdat 'n senaatskommissie van die Verenigde State bevind het dat 'n groot deel van die getuienis pure leuens was, word hierdie week losgelaat. Sy sal egter dadelik voor 'n Duitse hof gesleep word op aanklag van „29 moorde en honderde aanrandings”.

UNIE VOER SEMELS UIT NA PALESTINA

Duisende sakke Suid-Afrikaanse semels word tans uitgevoer na Palestina. Daar is sprake van een enkele besending van 500,000 sak wat verlede maand uitgevoer is. Waarom die semels — wat 'n uitstekende varkkos is — na Palestina uitgevoer word, is nie bekend nie. Groot dele van Suid-Afrika word deur droogte geteister met die gevolg dat veevoer skaars en onontbeerlik is. Dat groot hoeveelhede semels onder hierdie omstandighede die land uitgestuur word, is onbegryplik.

Die witbrood wat Landbouminister S. P. le Roux en die huidige regering beskikbaar gestel het vereis dat koring ingevoer moet word. Koring word trouens ingevoer teen 71/6 per sak terwyl die vasgestelde prys vir Suid-Afrikaanse-gekweekte koring 42/6 is. Wanneer die meulenaar die duur koring tot witmeel vermaal, stapel duisende sakke duur semels in hul skure op. Hierdie semels is so duur dat die Suid-Afrikaanse boer nie kan bekostig om dit vir veevoer te koop nie.

Minister le Roux is nie bereid om die semelprys te verlaag nie en ten einde die meulenaars van die semels te verlos word dit tans uitgevoer — na Palestina.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

HOF SAL VERNEEM VAN ANDER GRUWELE

Veldmaarskalk Erich von Manstein se advokaat, Rit Paget, het verloff ontvang van die Britse militêre hof wat Von Manstein verhoor, om 'n amptelike Amerikaanse verslag in te dien wat beweer dat getuienis in verband met oorlogsmisdade in die Amerikaanse besettingsgebied deur „brutale” metodes ingewin is.

Die dokument is saamgestel deur 'n kommissie van die V.S.A.-leër wat benoem is deur voormalige leërminister Kenneth Royall.

Die hoofaanklaer het onmiddellik beswaar gemaak toe die aansoek gedoen is om die verslag aan die hof voor te lê, maar Paget se aansoek is toegestaan.

Sedert die eerste vonnisse van Neurenberg voltrek is, is verskillende Amerikaanse ondersoeke ingestel na die getuienis in hierdie soort wraaksake. Die bevindings van hierdie kommissie was van so 'n aard dat dit elke keer gelei het tot groot-skaalse verandering van vonnisse. In een geval is dertien Duitse soldate oor wie se koppe

die strop reeds gehang het sonder meer op vrye voet gestel.

„PRIESTERS”

In verband met die Dachau-verhoor het 'n kommissie van onderspek onder voorsitterskap van 'n regter, Van Roden, wat self soldaat in twee oorloë was, bevind dat skulderkentenisse afdwinging is op allerlei maniere—o.a. deur persone wat hulleself as priesters voorgedoen en dan die beskuldiges beweeg het om aan hulle te „bieg” ter redding van hul siele. Hierdie biege-verklarings is dan as getuienis teen hulle en ander gebruik. In ander gevalle is gebruik gemaak van brandende vuurhoutjies wat onder die naels van die slagoffers gedruk is, asook van skoppe en slae. In meer as een geval is die mense selfs vermink.

Die regter verwys na 'n geval waar 'n Amerikaanse offisier, lt.-kol. Ellis, openlik erken het dat hy 'n „koppige geval” gehad het waar hy van drukuitoefening gebruik moes maak om die nodige getuienis te verkry. Hierdie „druk” het ingesluit geweldpleging en 'n skynhofsitting. Omtrent hierdie soort metodes rapporteer die regter:

EENSAME OPSLUITING

„Die verklarings wat as getuienis ingedien is, is verkry van manne wat vir drie, vier en vyf maande eensaam opgesluit was. Hulle is opgesluit in selle met vier mure sonder vensters en sonder geleentheid vir oefening. Twee maaltjies per


dag is deur 'n gleuf in die deur aan hulle verskaf. Hulle was nie toegelaat om met iemand te praat nie, en het geen verbinding gehad met hul familie of predikant of priester nie. Hierdie opsluiting het in sommige gevalle voldoende geblyk om die beskuldiges tot erkenning te dwing. Hierdie verklarings het nie net betrekking gehad op die ondertekenaar nie, maar ook op ander beskuldiges.

„Die ondersoekers het in sommige gevalle 'n swart kap oor die beskuldigde se gesig getrek en hom in die gesig geslaan met ysters en geskop en met gomlastiektjies geslaan. Menige Duitse beskuldigde se tande was uitgeslaan en daar was sommige met gebreekte kakebene. Met uitsondering van twee was al die 139 gevalle wat ondersoek is, onherstelbaar in hul geslachtsorgane geskop. Dit was die gewone prosedure van ons Amerikaanse ondersoekers.

„In sommige gevalle is 'n beskuldigde wat nie 'n verklaring wou doen nie, in 'n saal gebring waar die burgerlike ondersoekers in militêre uniforms by 'n swart tafel sit met 'n kruis in die middel en twee brandende kerse weerskante. Aan die beskuldigde is dan gesê dat hy nou sy „Amerikaanse verhoor” sal kry. 'n Skynhofsitting is dan gehou wat eindig in 'n doodvonnis wat oor die beskuldigde uitgespreek word. Aan hom word dan gesê dat hy tereggestel sal word sodra die generaal sy vonnis teken, maar intussen kan hy losgelaat word indien hy 'n verklaring onderteken. In meer as een geval het die beskuldiges dan nog geweier.

Hoër Lone

Na langdurige onderhandeling oor 'n loonsverhogingseis van 30 persent wat na die verhoogde goudprys as gevolg van devaluasie weer sterk beklemtoon is, het die mynwerkers verlede week 'n aanbod van 'n verhoging van 15 persent in hul basiese lone aanvaar.



So lewe die 12 miljoen vlugteling-gesinne in 'n groot deel van Duitsland gesinne van eertydse welgestelde boere wat hulle plase en al hulle besittings deur die Russe verloor het. Sulke mense het ons hulp dringend nodig.

Help ons om te help!

D.A.H.A.

HOOPSTRAAT 105B, KAAPSTAD